Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Faks: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

17 Julie 2020

Omsendbrief 11 van 2020

Geagte ouers,

Vandag was vir elkeen van ons by die skool 'n baie moeilike dag omdat ons eerstehands die impak van COVID 19 ervaar het.

Een van ons leerders het positief getoets vir die virus en die nodige stappe soos voorgeskryf deur die Departement van Gesondheid en Onderwys is gevolg.

Na 'n deeglike risiko bepaling is daar besluit dat die skool om 11:00 moes verdaag sodat met die sanitering van die skool kon begin. Teen die tyd wat u hierdie brief lees is die proses van sanitering by die skool aan die gang. Die proses word deur **LIQUID MIST TRADING** gedoen wat spesialiseer in dié tipe sanitering en sal teen Saterdag, 17 Julie afgehandel wees.

Alle persone en leerders wat as 'n direkte kontak beskou word met die betrokke leerling is persoonlik deur my in kennis gestel van die geval. Elkeen van hulle sal vir 14 dae onder kwarantyn wees.

Na afloop van die sanitering word die skool van 'n sertifikaat voorsien wat die proses onderskryf en bevestig. Indien u dalk sou belangstel om die sertifikaat te sien is u welkom om die kantoor te besoek.

Met die proses wat oor die naweek plaasvind is ons ook toestemming verleen om die skool weer op **Maandag, 20 Julie** te heropen. Onthou dat op 20 Julie, die **BLOU** - groep weer by die skool sal wees.

Ek verseker u dat ons alles in ons vermoë doen om die kans vir infeksie by die skool hok te slaan. Ek moet egter u aandag daarop vestig dat u seker moet maak dat die nasorg sentrum waarby u kind is, asook die vervoer waarvan u kind van gebruik maak aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.

Ek gaan Maandag al die omliggende sentrums om die skool kontak om seker te maak dat hulle die nodige dokumentasie en prosedures in plek het. Onthou dat al hierdie sentrums aan dieselfde vereistes moet voldoen soos wat u van die skool verwag. Indien die sentrums nie hieraan voldoen nie, tree hulle teenstrydig op teen amptelike riglyne van die regering.

Indien u, of u kind in direkte kontak met 'n persoon was wat positief getoets het moet u weet dat u dadelik vir 14 dae onder kwarantyn geplaas moet word. Die skool moet ook dadelik hiervan in kennis gestel word. Dit is uiters onverantwoordelik om u kind skool toe te stuur as u weet dat daar kontak met 'n positiewe geval was.

Alle pogings deur die skool kan slegs suksesvol wees as ons die samewerking van u as ouers het. Ek doen op u 'n beroep om nie ongegronde kommentaar of onwaarhede op sosiale media te versprei nie. Voor u iewers kommentaar lewer, dink aan die moontlike skade wat dit aan verskillende mense kan aanrig. Ons dra die leerder in ons gebede en weet dat hy/sy volkome sal herstel.

Neem asseblief kennis dat ons vanaf Dinsdag, **4 Augustus 2020** ons eerste assesserings week gaan hê. Die reeks sal strek tot Vrydag, **14 Augustus 2020**. U sal eersdaags die rooster asook verdere reëlings ontvang.

Skoolfonds is steeds betaalbaar en baie dankie aan elke ouer wat hul verpligting nakom. Indien daar 'n drastiese verandering in u finansiële omstandighede is moet u nie skroom om die skool te kontak nie.

Benewens die probleem wat ons tans ervaar gaan dit baie goed met die akademie by die skool. Die kinders werk baie hard en almal se werk vorder goed. Al die werk is ter voorbereiding van ons assesserings week in Augustus.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning van #onsskool. Elke onderwyser waardeer dit ongelooflik! Ek moedig u weereens aan om die vrymoedigheid te neem om ‘n afspraak met my te maak indien daar iets is wat u wil bespreek.

Groete

Ona Steyn

Beheerliggaam

Marius Swanepoel

Hoof